

## 20 September - REGVERDIGE

**Skrifgedeelte: Psalm 11**  
**Fokusgedeelte: Psalm 11:7**

**D**ie psalmdigter ontvang die raad van sy vriende om eerder te vlug as om te verwag dat sy regsak regverdig verhoor word.

In 'n samelewing waarin die fundamente ondermyn word (vs 3), bly dit 'n vraag – vandag net soveel as in die psalmdigter se tyd – wat die regverdige daaraan kan doen. Wat wil ons daaraan doen?

Die aanslae van die goddeloses wat teen die opregtes gemik is, ontstel ons. Ons wil so graag die onreg wat in hierdie wêreld is, uitroei en dit met reg en regverdigheid vervang. Hoe kan ons dit regmaak?

Byna elke mens het iewers 'n plan hoe die onreg verander moet word in reg. Politici vertel vir ons hoe alles sal regkom wanneer hulle party die leisels oorneem, maar om die oplossing by hulle te soek, is so goed as om na die berge te vlug soos 'n voël (vs 1).

Ons het egter nie in onself 'n oplossing nie, maar die Here het. Hy is die oplossing. By Hom moet ons skuil. Die Here is die regverdige God en daarom het Hy ook dié lief wat regverdig en opreg is.

Ons Here Jesus Christus het die onreg van die wêreld tot die uiterste beleef. Golgota het bewys hoe korrup die samelewing is. Daar is die fundamente totaal omgekeer toe die Regverdige aan die kruis opgehang is. Hy het ons sondes op Hom geneem sodat niemand ons by God kan aankla nie.

Dit maak nie saak hoe onregverdig die wêreld is nie – die Here is die Regverdige! Hy sal by ons wees.

*Sing: Skrifberyming 10(5-4):1, 2*

*Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)*